

**Skriflesing:** Mattheus 13:44-46; 1 Kronieke 4:1-10;

Teks: **1 Kronieke 4:9-10**

**Sing- Ps. 71:1,9; Ps. 119:6,58; Ps. 102:1,8; Ps. 107:1,11**

**Mattheus 13:44-46**

**Mat 13:44** Verder is die koninkryk van die hemele soos 'n skat wat verborge is in die saailand, wat 'n man kry en wegsteek; en uit blydschap daarvoor gaan hy en verkoop alles wat hy het, en koop daardie saailand.

**Mat 13:45** Verder is die koninkryk van die hemele soos 'n koopman wat mooi pêrels soek;

**Mat 13:46** en toe hy een baie kosbare pêrel kry, gaan hy weg en verkoop alles wat hy het, en koop dit.

**1 Kronieke 4:1-10**

**1Ch 4:1** Die seuns van Juda was: Peres, Hesron en Karmi en Hur en Sobal.

**1Ch 4:2** En Reája, die seun van Sobal, was die vader van Jahat, en Jahat van Ahúmai en van Lahad; dit is die geslagte van die Soreatiete;

**1Ch 4:3** en dit is die seuns van Etam: Jísreël en Jísma en Jidbas; en die naam van hulle suster was Hasselelpóni.

**1Ch 4:4** En Pnuel was die vader van Gedor, en Eser die vader van Husa. Dit is die seuns van Hur, die eersgeborene van Éfrata, die vader van Betlehem.

**1Ch 4:5** En Asgur, die vader van Tekóa, het twee vroue gehad: Hélea en Náára;

**1Ch 4:6** en Náára het vir hom Ahússam en Hefer en die Temeniete en die Ahastariete gebaar. Dit was die seuns van Náára.

**1Ch 4:7** En die seuns van Hélea was: Seret, Jesóhar en Etnan.

**1Ch 4:8** En Kos was die vader van Anub en Hassobéba en van die geslagte van Ahárhel, die seun van Harum.

**1Ch 4:9** En Jabes was meer geëerd as sy broers; en sy moeder het hom Jabes genoem en gesê: Ek het met smart gebaar.

**1Ch 4:10** En Jabes het die God van Israel aangeroop en gesê: As U my ryklik seën en my grondgebied vermeerder en u hand met my sal wees en U die onheil afweer, sodat my geen smart tref nie! En God het laat kom wat hy begeer het.

**Skriflesing:** Mattheus 13:44-46; 1 Kronieke 4:1-10;

Teks: **1 Kronieke 4:9-10**

**Sing- Ps. 71:1,9; Ps. 119:6,58; Ps. 102:1,8; Ps. 107:1,11**

Broeder en suster, baie van ons het nou al gehoor van die Kruger-miljoene. Watter legendes en ekspedisies daar al was om hierdie skat op te spoor en te wil opgrawe is baie. Die nuutste wat prof. Fransjohan Pretorius vanjaar op 10 Okt. by Krugerhuis ons meegedeel het, is dat die goud voorrade wat aanleiding kon gee tot hierdie ryke fonds was in April 1901 by Machadodorp die laaste deur die skuldeisers opgeëis.

Die jaar tevore, Mei/Jun. 1900 het twee treinwaens met van die goud en nog half voltooide munte op geheimsinnige wyse deur bemiddeling van Jan Smuts en Eduard Meyer, rekenmeester by die munt, Pretoria net betyds kon verlaat met Roberts al naby beleg. 'n Baie koue oggend, 5 Junie 1900 het die waens in Machadodorp aangekom waar Meyer, as rekenmeester van die munt hierdie waens aan Bredell, sekretaris van die polisie diens toevertrou en Bredell het dit weer aan NS. Malherbe oorgegee wat as tipe van senior

finansiële beampte/offisier (treasurer general) daarna moes omsien en het Malherbe al die skuldeisers, wat in die oorlogtyd baie was, vanuit hierdie fondse moes betaal. Genl. Botha het vir Leyds in April 1901 laat weet dat die goudvoorrade so te sê uitgeput was.

Skattejagters kan dalk baie na die miljoene wil soek wat eenvoudig nie meer bestaan nie.

Aldus prof. Pretorius.

\*\*\*

Die gelykenisse wat ons hier lees, het ook met skatte te doen, méér nog, dit het wel te doen met wat gevind kan word. Dit maak dit besonder want het ons eintlik 'n gelykenis in tweevoud. Soos die mosterdsaad en suurdeeg-gelykenis saamstaan, so staan hierdie gelykenis ook saam waar die skat in die land en die pêrel wat tog in oorsprong van die see kom, bymekaar moet uitkom. Land en see word een!

Die eienaar aan wie die grond nou behoort, het sy eie rykdom nie besef nie. Daardie skat in die land het 'n geheim gebly wat met die man aan wie dit oorspronklik behoort het, is die geheim van die skat saam met daardie man begrawe. Wie was daardie oorspronklike eienaar. In gevalle sondige menselewens kon dit een van baie gewees het. 'n Rower wat agtervolg is en in sy haas verloor hy hierdie skat, of dalk 'n ou tipe "belegger" het die skat eens op 'n tyd begrawe, vir niemand dit kon sê nie en hy is dood, hy is begrawe om dit nooit weer te kon opspoor nie. Ons weet dit was gewoonte in die vroeër tyd om as daar 'n oorlog wou jou kosbare besittings te gaan begrawe in die hoop dat as die oorlog verby was dit weer te gaan opgrawe. In Jer. 41:8 lees ons die besondere verhaal van Ismael wat tien manne se lewens gespaar het omdat hulle vir Ismael kon oortuig ons het nog verborge voorrade in die veld en as jy ons nou doodmaak dan is ons geheime voorrade met ons weg en verlore.

Ons sondige mense, ons menselewens raak baie keer soos die grond waar die een laag bo die ander laag kom lê en dit wat onder lê raak weg en word die geheim van wat daaronder was 'n al hoe groter geheim sou niemand dit weer opgrawe nie. Skatte vergader nie net stof nie, maar skatte raak weg hoe meer die stof nie wegraak nie.

Tog het die huidige eienaar van die grond 'n dagloner, wat nie kon dink hy sal vind dit wat daardie dag sy fonds was nie. Die dagloner, maar 'n gewone werker wat gewoon besig was om die grond wat nie syne was nie, om te ploeg. Hoeveel keer hy al die vorige jare die ploeg oor hierdie skat kon trek is natuurlik vir hom om te weet. Nooit het hy kon dink die goud en die silwer onder sy voete nie. Hoe baie keer is die hemelse skatte naby ons, maar ons weet

dit nie. In een oomblik kan alles verander. Dit wat in ons lewens kan gebeur, gebeur hier. Die man se ploegskaar haak of vas of dit maak 'n geluid vreemder as net die geluid van 'n harde klip. Met die eerste oogopslag sien hy dat hier lê iets wat nie maar net nog 'n klip, nog 'n harde kluit, nog 'n wortel is wat my my tyd mors nie. Waaruit die skat presies bestaan het, of dit 'n kruik gevul was met goud of silwer is nie waar dit waarlik om gaan nie. Dat die fonds 'n skat was en besonder waardevol was daarvoor is daar geen twyfel nie.

Soveel so, dadelik begrawe die man dit weer soos wat daar lank gelede 'n skatte begrafnis was. Tog is hierdie begrawe nie dieselfde as wat die oorspronklike bedoeling was nie. Die man bring 'n ander waarde van God se koninkryk na vore as wat in van die vorige gelykenisse bestaan. Hier lê die verrassing van die Here se gelykenis op 'n dieper vlak. Ons kan dink aan Saul, 'n jongman, 'n donkiesoeker, want sy pa het hom gestuur om hulle donkies wat weg was te gaan soek, maar in dieselfde donkie soekery het God sy koninkryk weggeleê. Die donkie-soeker ontvang 'n koninkryk, hy word die eerste koning in Israel.

Baie van die vorige gelykenisse het te doen met saai en met plant en met groei en met oppervlak werklikhede, dit wat die eerste gelykenis al was- 'n man gaan saai op verskillende plekke, maar by die gelykenisse van skat en pêrel het ons nie met saadjies en plantjies te doen nie, dit gaan nie oor die oppervlak-kennis wat by God se koninkryk baie belangrik is nie, ons moet ook diepte-kennis omtrent God se koninkryk wil ontvang. Dit wat vir 'n oomblik oop was, raak toe om dit wat oop moet kom net nog groter oop te maak.

Die koninkryk van God is 'n skat baie groter was wat ons kan dink. Dit gaan om werklik geestelike rykdom. God wat jou nie net ryk maak in wat jy reeds ontvang het nie maar God is steeds besig om ons ryker te maak in wat ons besig is om in die ontvangenis van ons rykdom deur die Gees te ontvang. Dit wat lyk so 'n groot rykdom te wees, vir 'n oomblik moet ek terugstaan en myself afvra wat gaan ek doen om die nog groter waarde werklik my eie te maak. Ons kan teologies sê God se geregtigheid my reeds geskenk moet dieper gryp dat ek in verwondering kom by die toeëiening van God se heiligheid. Die lewe van heiligmaking om werklik vanuit my opgrawing te besef ek moet alles wat ek tot nou toe gehad het, van minder waarde ag, in vergelyking met wat ek nou ontvang het. God se geregtigheid eis van ons dat ons reg voor Hom sal lewe...

Dit is wat hierdie gewone werker gaan doen het. Hy gaan met wat verborge was 'n ietwat verborge handeling uitvoer dat dit nie meer vir hom verborge moet wees nie. Hy steek by sy ontdekking die skat weer weg maar in groot blydschap *gaan hy en verkoop alles wat hy het en koop daardie saailand*. Sien u die pragtige uitkoms, die verband van ek het die saailand nodig om die skat myne te maak. In die hemelse dinge werk dit ook so. Ek het die kerk nodig om die koninkryk myne te maak, is maar een voorbeeld. Die ware skatte is nooit oppervlakkig nie. Buite op die oppervlak sal jy klip en steen maklik kan optel maar om by diamante uit te kom is 'n ander storie.

Tog in die hemelse geweste is daar die rykste van rykdom wat op hierdie aarde op ons wag. Die hemelse lê baie keer onder ons voete, ons besef dit nie. Dit moet net ontdek word, tog het ons ook die gelykenis in sy tweeling gelees van nie net 'n gewone werker, aanvanklik 'n arm man wat soort van toevallig op rykdom afgekom het nie, want weet ons niks, gebeur toevallig nie. Hierdie tweede gelykenis, hierdie tweede man het egter nie sy skat onverwags ontdek nie. Hy is reeds 'n ryk man met 'n doelbewuste sending. Hy is nie net 'n gewone werker op 'n land besig nie, nee, hy is 'n koopman, in die Grieks (*emporos*), letterlik iemand wat van oor die see kom, 'n rondreisende handelaar, hy het al vêr reise gedoen op soek na kosbare pêrels. God se koninkryk het nie net kosbare goud en silwer... skat-waarde nie, God se koninkryk het ook heerlikheid en skoonheid soos die van pêrels.

As die skat in die land ons wys hoe kosbaar ons verlossing in God se koninkryk vir ons moet wees, dan staan die gelykenis van die pêrel om vanuit die kosbaarheid ons ook die heerlikheid, die skoonheid van dieselfde koninkryk te wys. As u die verse net weer lees dan sien ons die koopman het gegaan om 'n baie mooi pêrel te gaan soek, maar wat hy gevind het, is 'n baie kosbare pêrel. Dit gaan die mooi verby, dit lyk nie net mooi nie, maar dit is werklik kosbaar, daar sit waarde daarin, nie net kosmetiek nie.

Broeder en suster, die gedeelte uit die Ou Testament het ons met die gelykenisse saamgelees. So 5/6 jaar terug, 2007- 2008 rond, toe was die gebed van Jabes op baie mense se lippe. Jabes in sy persoon en in sy gebed en wat sy lewe moet wees wil mens tog iets van hom in die gelykenisse sien afspeel. Dit laat ons in veel opsigte die skat in die land, die kosbare pêrel raaksien. Net die feit dat die gebed van Jabes so onverwags tussen rye en rye name staan, dit vorm deel van hoofstukke en hoofstukke se geslagsregisters, mens lees soos iemand wat ploeg oor die name heen, want dit staan nou maar daar en skielik is dit asof die

ploegskaar vashaak. Dan kom dit asof dit skielik soos 'n skat uit die grond is na vore. En so word die skat uitgelig, maar vir dieselfde rede wat die skat en die pêrel dinge in God se koninkryk blootlê wil dit voorkom by Jabes gaan dit om waarde en om skoonheid/heerlikheid in God se koninkryk.

Al weet niemand wie Jabes se pa was nie, was hy wel meer geëerd as sy broers. Jabes dra egter 'n naam wat nie positief is nie. Daar is allerhande verklarings oor waar die naam vandaan kom... party sê die naam beteken “droogte”... sy ma wat hom so moeilik in die wêreld gebring het, het nie veel skatte van die kind verwag nie. Sy sien ellende en swaarkry, dit waarmee droogte verband hou. Ander sê weer die naam Jabes kom van die Hebreeuse *azeb*... wat letterlik “pyn” beteken, want het sy my kon sê ek het veel *azeb*... ek het veel pyn met hom gehad. Die klinkers skuif maar net bietjie rond om die naam Jabes hieruit te vorm. Merkwaardig dat in die Aramees met dieselfde klanke om die Jabes-naam het die woord weer die betekenis van om iets met haas en met inspanning te doen. Daarmee sou die ma met die naam kon sê... span jou in dat jy nie aan ander die pyn moet veroorsaak as die pyn wat ek gehad het nie. Moet nie 'n ongelukskind wees nie...

En soos Jabes groter word so sou hy iemand kon wees, wat in persoon ons gelese gelykenisse vervul. Iemand wat nie pyn en ongeluk bring nie, maar hy bring die skatte en pêrels van God se koninkryk na vore. Dit wat hierdie gebed van Jabes insluit is waarlik soos iemand wat die skatte van God se koninkryk oopmaak en elke deel van die gebed ryg soos kosbare pêrels die halsband van God se verbond tot 'n voltooide sirkel wat om die nek van die gedooptes ontmoet. Dit skitter om die hals van God se koninkryk.

Jabes vra eintlik twee dinge. Seën my en gebruik my. Dit is wat ons altyd in die koninkryk van God mag vra. Watter seëning om hierdie skatte en pêrels te mag oopgrou, te mag aankoop. Seëninge wat Jabes die Here vra dit in oorfloed oor hom mag kom. Die skatte wat hy wil oopmaak vra hy dat dit baie mag wees, maar broeder en suster,

Jabes maak dit konkreet. Hy wil dat God hom in staat stel om die seëninge, om die skatte en gawes van God wel te gebruik. Maak my verantwoordelikhede en my verpligtinge meer, want om vir meer grondgebied te vra is om meer verantwoordelikhede te aanvaar. Tog besef hy as ek met die seëninge en die grond van God werk, God wat my hierin moet gebruik dan moet God my ook voorberei op die onverwagse. Die man in die gelykenis, onverwags maak

hy die ontdekking van die skat wat daaronder die grond lê. Dit wat onverwags met 'n mens kan gebeur laat mens verskillend optree. Hy begrawe eers weer die skat, om eers met meer grondgebied te werk. Presies ook iets van Jabes se gebed. Die werker in die land verkoop alles wat hy het sodat hy daardie land, daardie grond kan koop waar die skat lê. In wese is dit dieselfde as Jabes se gebed, maak my grond meer dat ek u skatte kan besit. So wil Jabes vir God vra om 'n groter deel van God se skat, om nog vêrder in God se koninkryk te mag ingrawe.

Tog slaan Jabes se gebed en die pêrel koper mekaar nie mis nie, want het Jabes ook gevra dat God sy hand oor hom mag bly hou. Die gesindheid van ek moet die kosbare geleenthede, die kosbare pêrels van God se koninkryk uit God se hand wil ontvang. Ek moet alles in my lewe in belang van God se teenwoordigheid afweeg. Hoe vêrder en dieper die waarde van God se koninkryk vir ons duideliker word, hoe belangriker moet dit wees dat God se hand oor my moet wees. Dan word die skatgrawer en die perelkoper in hulle eie mens-wees al minders en die skatte en perels groei al meer in waarde. 'n Pêrel wat as 'n eenvoudige ou sandkorreltjie binne die perlemoen begin vorm, maar soos die chemie en die kristalvorming binne die dop ontwikkel so word die pêrel al meer en beter en die draer daarvan al minder. Is dit nie wat maar ook met ons moet gebeur as ons met God se skatte en pêrels besig is nie, dat ons minder moet word en God meer. In wese die snypunt ook van Jabes se gebed.

Die laaste in Jabes se gebed vra hy dat geen smarte hom moet tref nie. Wie met die skatte en pêrels van God werk, weet daar kan baie dinge wees wat in 'n mens se lewe verkeerd kan loop. As die Here die onheil van sy pêrels kan weghou dan gaan dit om die behoud van waarde. Jabes se naam het droogte en smarte en oorhaastigheid geïmpliseer, maar in der waarheid vra hy dat die onheil rondom my naam, my nie tref nie, maar laat die skatte en perels van God se koninkryk my inhaal. Broeder en suster, hoe wonderlik dat ons nie net die skatte en gawes van God se koninkryk in ontvangs kan neem nie, maar net so 'n wonder dat God dit in ons besig kon plaas, God bring dit binne ons reikwydte, ons kan daarmee werk. Al tref baie onheile ons in persoon, mag God se koninkryk ongedeed bly, mag dit ons gebed wees, rondom die gelykenis wat in waarde eintlik net Jabes se gebed laat skitter. Jabes het inderdaad hierdie skatte, hierdie pêrels van God se koninkryk ontvang

AMEN